# SOMERSTRAND GEMEENTE

## *Bybelstudie*

# Paastyd 2025

**Jesus word soos 'n gevaarlike misdadiger in die nag gevange geneem** **Johannes 18:1-11**

## Inleiding

Dit was reeds laataand toe Jesus gevange geneem is. Vroegaand het Hy en die dissipels saam die Paasmaaltyd genuttig [Matteus 26:20-35]. By daardie geleentheid wys Hy Judas as die verraaier uit, stel Hy die nagmaal in en waarsku Hy vir Petrus dat hy Hom driemaal gaan verloën. Daarna gaan hulle na die tuin van Getsemane, waar Jesus gaan bid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil" [26:39b]. Dan verskyn Judas met 'n groot klomp mense [soldate], wat deur die leierpriesters en die Farisiërs georganiseer is, met swaarde, stokke, fakkels en lampe om Jesus soos 'n gevaarlike misdadiger gevange te neem.

## Stille nadenke

Lees Johannes 18:1-11 en vorm in jou gedagtes 'n beeld van die drama wat daardie aand in die tuin van Getsemané afgespeel het.

Watter ervaring beleef jy in jou gemoed oor die wyse waarop Jesus gevange geneem is?

As jy daardie aand teenwoordig was en in die chaos van gebeure oogkontak met Jesus gemaak het, wat sou jy vir Hom wou sê?

# Paastyd 2025



## Bespreking

Judas het vroeër die aand saam met Jesus en die ander dissipels die eerste nagmaal gebruik.
Ure later daag hy met 'n klomp soldate op om Jesus gevange te neem. Judas leer ons daar is 'n baie fyn onderskeid tussen vroomheid en verraad.

- Hoe sal jy dit in jou eie woorde beskryf?

Toe Jesus die klomp mense in die tuin gewaar, roep hy in die donker: "Wie soek julle?" Hulle antwoord: "Jesus van Nasaret" en Hy antwoord: "Dit is Ek". Die soldate skrik so groot, dat hulle op die grond neerval.

- Wat dink jy was die rede hiervoor? Gee die kinders ook kans om hulle gedagtes te deel.
- Hierdie was die begin van die lydensbeker wat Jesus moes drink. Hoe het Hy dit benader?
- Watter boodskap kan ons vandag neem uit die manier waarop Jesus sy lydensbeker gedrink het?
- Die teenwoordigheid van die gewapende soldate veronderstel dat Jesus se arrestasie met geweld gepaard sou gaan. Met watter gesindheid het Jesus sy arrestasie benader? Wat leer ons hieruit?
- Hoe dink jy het Jesus gevoel toe Judas hom soos 'n gevaarlike misdadiger, in die nag, met die begeleiding van 'n klomp soldate, gevange geneem het?